

Omvattend Afrikaans

Algemene Vrae

Wie is die outeurs? Wat is hulle geloofwaardigheid?

Willemien Kruger is 'n tuisonderrigter van drie kinders en het met sukses hulle almal leer Afrikaans lees en skryf met die toepassing van fonetiese klankkombinasie logika. Alhoewel die kinders reeds lankal klaar is met die fondasiefase en selfs skooljare, het latere skool en studie jare duidelik bewys dat die vaardigheid van lees en skryf **krities** is vir sukses in die akademiese wêreld. 'n Liefde vir lees ontwikkel leiers en ondersteun loopbane.

Karien Brits is 'n taalkundige en taalliefhebber. Sy het 'n meestersgraad in Setswana. Haar liefde vir taal het haar al ver paadjies laat loop o.a. as lektor in Afrikaans by 'n Universiteit in Pole, werksaam by die Taaldirekoraat by NoordWes Universiteit en as bestuurder van die taalafdeling by die Afrikaanse Taal en Kultuur Vereniging.

Waarom is hierdie kurrikulum ontwikkel? Om watter behoefte te vervul?

Uit Willemien se jarelange persoonlike ervaring om haar eie kurrikulum saam te stel het sy byna 'n dekade gelede die leemte van 'n doeltreffende en omvattende Afrikaanse program geïdentifiseer en aangespreek. As kurrikulumontwikkelaar verstaan sy die behoefte van die kinders en ouers op 'n praktiese manier en is Omvattend Afrikaans 'n natuurlike uitvloeisel daarvan gewees. Dit is dus 'n alles omvattende, maklik bruikbare, doeltreffende fonetiese lees program om kinders werklik goed te leer lees en skryf. Dit is juis ontwikkel om nie 'n kortweg manier te wees nie, anders as waarop baie ander kurrikulums gebaseer is.

Hoe word hierdie kurrikulum die beste gebruik?

Omdat Omvattend Afrikaans sterk glo in LEES as iets wat heeltyd en altyd moet gebeur, word die ouer aangemoedig om die kind nie net die leesboekies wat by die program ingesluit is te laat lees nie, maar ook heelwat ander boeke. Gesprekke oor die boeke word ook aangemoedig aangesien dit denkvaardighede en voorbereiding vir kreatiewe

skryf ondersteun. Om 'n Leesrekord by te hou is 'n goeie idee wat juis in die fondasiefase sterk aanbeveel word ter motivering van elke dag lees.

Volg die programme op mekaar? Wat as my kind reeds Graad 2 of 3 is?

Alhoewel die Omvattend Afrikaans reeks as Gr1, Gr2 en Gr3 programme beskikbaar is wat apart gebruik kan word, is gevind dat dit meer effektief is wanneer dit as 'n eenheid aangeskaf word om op mekaar te volg.

Indien 'n kind in 'n skool was in Gr1, sal daar leemtes wees vir die Gr2 program, want dit maak die aanname alle klanke en klankkombinasies is geleer. Dit is dus beter as die Gr1 program dus ook saam gekoop word sodat daar nie leemtes is nie.

Is daar apart net werkboeke beskikbaar?

Die program is ontwikkel met die aanname dat ouers die program aanskaf vir gebruik met al hulle kinders en daarom is daar dus werkboeke ook apart beskikbaar vir Gr1 en Gr2. Die Gr3 program is so ontwikkel dat dit in elk geval net eenmalig aangekoop hoef te word. Die koste kan dus gesien word as 'n eenmalige uitgawe wat oor baie jare baie waarde gaan toevoeg.

Is daar afslag beskikbaar?

Ja, indien meer as een program gelyktydig bestel word of indien daar klomp aangekoop word soos in die gebruik van 'n mini skool situasie.

Kan Omvattend Afrikaans gebruik word as tweedetaal kurrikulum?

Ja verseker, net een ouer moet die instruksies kan lees, maar dit is so eenvoudig gestel dat meeste ouers dit sal kan doen.

Is dit beskikbaar in e-formaat?

Nee, omdat dit 'n program is waarin 'n kind steeds fisies moet leer skryf, is dit slegs as gedrukte boeke beskikbaar. Die leesboekies is ook in so formaat dat dit slegs as gedrukte boekies versprei kan word.

Wat kry mens as jy dit koop?

Die Gr1 program bestaan uit 1 Ouerhandleiding/Kind Werkboek met 25 x A6 grootte leesboekies (21 is swart/wit en 4 is volkleur).

Die Gr2 program bestaan uit 1 Ouerhandleiding/Kind Werkboek met 1 x A4 Leesboek (Skatkis van Fabels en Stories) met 40 stories in.

Die Gr3 program bestaan uit 1 Ouerhandleiding met 4 x A5 grootte leesboekies (Besie, Ou Boel, Poppie-Dot is swart/wit en Bobbejaan se Bosstories is volkleur)